# DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG SE AANDEEL IN DIE MILITÊRE OPTREDE TYDENS DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG SE AANVAL OP CASSINGA, 4 MEI 1978

**Leo Barnard***

***Summary***

*On 4 May 1978, the SADF launched a military attack on Cassinga, in the South of Angola, which was a base for the military wing of SWAPO. In what would later be described as a successful parachute operation, elements of the SADF had attacked and conquered the military base. This article will examine to what extent this operation would still have been possible without the active participation of the South African Airforce. The conclusion reached is that the role of the South African Airforce was crucial and that without their participation, the operation would have been predestined to utter failure.*

Die doel van hierdie artikel is om die optrede van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) tydens die aanval op Cassinga, op 4 Mei 1978, in die regte perspektief te stel. Die vraag wat beantwoord moet word, is óf hierdie aanval deur valskermsoldate op Cassinga, 'n "militêre vesting" van PLAN (Peoples Liberation Army for Namibia) as militêre vleuel van Swapo, hoegenaamd 'n sukses kon wees sonder die aktiewe deelname van die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM).

As die leser meer inligting oor die kontroversie aangaande die Cassinga-aanval wil hê, is daar verskeie bronne beskikbaar.[1]

Ook wat die aanloop tot hierdie militêre optrede betref, is daar in die verlede al heelwat gepubliseer. 'n Kort opsomming sal die leser egter in staat stel om die gebeure van die dag teen hierdie agtergrond te evalueer.

* Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

1 D Herbstein, en J Evenson, **The devils are among us. The war for Namibia** (Londen, 1989); A Heywood, **The Cassinga event** (Windhoek, 1994); J Breytenbach, **They live by the sword. 32 Buffalo Battalion – South Africa's Foreign Legion** (Alberton, 1990); **Learn and teach**, Special Edition on Namibia, No. 4, 1989; J Geldenhuys, **Die wat wen - 'n generaal se storie uit 'n era van oorlog en vrede** (Pretoria, 1993); Peter Stiff, **Nine days of war. South Africa's final days in Namibia** (Alberton, 1991); W Steenkamp, **South Africa's Border War, 1966-1989** (Gibraltar, 1989)*;* Joseph Kobo, **Waiting in the wing. The electrifying true story of a bishop who was once in the military wing of the ANC** (Milton, (sa)).

Die optrede van PLAN in die jare 1976-1978 was aggressief en uittartend op militêre gebied binne die grense van Namibië. Enkele voorbeelde hiervan was dat die PLAN-vegters nou in groepe van 80-100 man suidwaarts oor die Namibiese grens begin opereer het en maklik daarin geslaag het om die sogenaamde blanke boerderygebiede (die rooilyn) binne te dring. Moorde het ook al meer begin plaasvind soos dié op Toivo Shiyagaya, Minister van Gesondheid en Welsyn van die Ovambo-stamregering, en Clemens Kapuuo, Herero-leier. SWAPO het ook 'n groot sielkundige oorwinning behaal toe 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag, sappeur Van der Mescht, in Namibië gevange geneem is en na Angola weggevoer is. Hierdie optrede is gevolg deur 'n "ontvoering" van 'n onderwyser en leerlinge vanaf 'n skool in sentraal-Ovambo[2]. Die optrede van Sam Nujoma, leier van SWAPO, tydens 'n onderhoud met die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) het die gedagte al meer laat posvat dat die organisasie nie in 'n onderhandelde skikking belangstel nie, maar eerder 'n militêre einde aan die vyandighede wil maak. Dit pas in by die optrede van SWAPO. Die kern van Nujoma se argument, soos oor die SAUK gebeeldsaai, was die volgende: "The question of black majority rule is out. We are not fighting even for majority rule. We are fighting to seize power in Namibia..... We are revolutionaries."[3]

Teen die begin van 1978 kan die situasie in Namibië dan as volg opgesom word: Wat die militêre stryd betref het SWAPO al meer die beeld van gewelddadigheid begin kry wat hom al minder aanvaarbaar vir veral die Westerse moondhede gemaak het.

Die beeld is versterk deur die feit dat SWAPO groot opleidingskampe in suid/sentraal-Angola gevestig het waar mans en vrouens militêre opleiding ontvang het, waar aanvulling gedoen is en waar kinders wat ontvoer is, of uit eie beweging by SWAPO aangesluit het, opleiding kon ontvang. Een van die grootste van hierdie basisse was Cassinga, 'n uitgewerkte myndorpie, ongeveer 250 km vanaf die noordgrens van Namibië, waar Dimo Amaambo die bevelvoerder was.[4]

Interne probleme, met onder andere Andreas Shapinga,[5] het daartoe bygedra dat SWAPO in 'n sekere sin op die verdediging was. Die aanval van die Suid-Afrikaanse Weermag op Cassinga het die nodige stimulus verskaf om weer die inisiatief oor te neem en die beeld van aggressie op die Suid-Afrikaanse Weermag af te skuif.

2 SL Barnard, "'n Historiese oorsig van die gewapende konflik op die noordgrens van SWA/Namibië, 1966-1989", **Acta Academica** 23(1), Maart 1991, pp. 116-7.
3 Steenkamp, pp. 8-9.
4 CJ Nothling, **Operasie Reindeer** (SAW-publikasie, Pretoria, Junie 1978), pp. 6-7
5 Sien Sue Armstrong, ***In search of freedom. The Andreas Shipanga story*** (Ashanti Publishing, Gibraltar, 1989).

Aan die ander kant was daar die militariste in Suid-Afrika wat al hoe meer begin aandring het op oorgrens-/voorsprong-/hakkejagoperasies ten einde SWAPO militêr buite die grense van Namibië gevoelige slae toe te dien. Dit sou die "verloorimage" breek wat binne die Suid-Afrikaanse Weermag na Operasie Savannah sterk op die voorgrond getree het. Deur SWAPO-basisse aan te val sou die militêre teater na Suid-Angola verskuif en kon PLAN-infiltreerders met groter gemak binne Namibië hokgeslaan word, was die kernargument van menige senior offisier in die Suid-Afrikaanse Weermag.

Ten einde hieraan uitvoering te gee, het die Suid-Afrikaanse Weermag met groot afwagting kennis geneem van die besluit van die Suid-Afrikaanse Regering laat in 1977 by Oubos, die vakansiehuis van BJ Vorster (Eerste Minister), dat die Weermag voortaan oorgrens in Angola kon optree. Die gevolg hiervan was die beplanning en uiteindelik die uitvoering van Operasie Reindeer. Die operasie sou uit drie fases bestaan, naamlik 'n aanval op fase 1, teiken Alpha (Cassinga) met valskermsoldate, en die hulp van die lugmag; fase 2, teiken Bravo (Chetequeta) met gemeganiseerde pantserkolonne en die derde fase in die oostelike sektor (in die omgewing van Oshana, Efith, Mulemba, Omepepa, Mamulandi, ens.). Die gebied is binne 50 km van die grens en die operasie sou hoofsaaklik deur 32 Bataljon uitgevoer word.[6]

Uit die bostaande blyk dit dus duidelik dat die Suid-Afrikaanse Lugmag in 'n groot mate betrokke sou wees by die aanval op teiken Alpha (of Cassinga) en in 'n mindere mate op teiken Bravo.

Die aanval op Cassinga is aanvanklik beplan vir 1 Mei 1978 en dit was duidelik dat daar voor hierdie tyd 'n deeglike inoefening van die hele operasie moes plaasvind. As gevolg van 'n sekerheidsbreuk was dit nodig om 'n misleidingsplan in werking te stel. Hiervolgens is Operasie Kwiksilwer beplan wat in die omgewing van Kimberley sou plaasvind. Die lugmag en veral die valskermtroepe is onder die indruk gebring dat die hele aksie bloot 'n normale inoefening van 'n groot binnelandse operasie sou wees. Terwyl die militêre mag hom gereed gemaak het vir Operasie Reindeer, soos die aanvalle op teikens Alpha en Bravo bekend sou staan, het die politici nog tougetrek oor die presiese datum. In hierdie stadium was die Verenigde Nasies se sitting oor die vyf Westerse Moondhede se Skikkingsvoorstelle vir Namibië nog aan die gang. Van die politici het geoordeel dat 1 Mei nie 'n goeie tyd was om die aanval van stapel te stuur nie en dat daar eerder tot 4 Mei gewag moes word. Ten spyte van besware deur lt.-genl. Constand

6 Nothling, pp. 5-6.

Viljoen, die hoof van die Suid-Afrikaanse Leër, is die datum uiteindelik vasgestel op 4 Mei 1978[7].

Sonder die bydrae van die Suid-Afrikaanse Lugmag sou die aanval op Cassinga hoegenaamd nie 'n sukses sou kon wees nie. Die plan vir die aanval het kortliks op die volgende neergekom: Transportvliegtuie sou 370 valskermsoldate op Cassinga afgooi nadat daar 'n bombardement deur bomwerpers en vegters van die Suid-Afrikaanse Lugmag was. Nadat die soldate deur die basis geveg het, sou hulle op voorafbepaalde plekke deur helikopters opgepik en weer na Namibië teruggevoer word. Genl. Dennis Earp wat van lugmagkant af saam met Blackie de Swardt 'n groot rol in die beplanning gespeel het, beskryf die plan as 'n eenvoudige, maar werkbare aanval.[8]

Wat die aanval op Cassinga betref, is die volgende uit lugmaghoek 'n kriptiese beskrywing van die gebeure. Weens die inoefening van die aanval by De Brug (De Wetopleidingsentrum naby Bloemfontein) was daar reeds agt transportvliegtuie van die lugmag in Bloemfontein. Vier C130- en vier C160-vliegtuie met 498 valskermsoldate aan boord het op 3 Mei 1978 vanaf 16:00 met 15 minute tussenposes tussen die agt vliegtuie vanaf die lugmagbasis Bloemspruit vertrek op die grootste valskermoperasie sedert die krisis van die Suez-kanaal[9]. Die feit dat die troepe op die laaste oomblik vanaf hulle basis by Tempe na die operasionele gebied vervoer is, kan bloot daaraan toegeskryf word dat die grootste mate van sekerheid vir die operasie gehandhaaf moes word. Uit onderhoude het dit duidelik geword dat die vragmotorbestuurders wat die troepe na die lughawe moes neem tot na die afhandeling van die hele operasie agter slot en grendel gehou is. Teen 20:00 op die aand van 3 Mei het al agt transporters van die lugmag met hulle vrag valskermsoldate veilig op Grootfontein in Namibië geland, vanwaar hulle die volgende oggend vroeg vir die aanval op Cassinga sou vertrek.[10]

Die helikopters wat vir die onttrekking van die troepe uit Cassinga verantwoordelik sou wees, het in die tussentyd op 'n hele paar basisse in die noorde van Namibië saamgetrek om geen aandag op hulle te vestig nie. Op die aand van 3 Mei was die hele helikoptervloot van 5 Super Frelon en 15 Pumas egter om 19:00 by Omauni saamgetrek om die volgende oggend vroeg met die operasie te begin.

---

7 Persoonlike versameling. Onderhoude met genls. Ian Gleeson, MJ du Plessis en Bob Rodgers.
8 Persoonlike versameling. Onderhoude met genl. Denis Earp.
9 Anon, "Patratroopers a special breed of men", **Paratus**, November 1992.
10 Persoonlike versameling. Onderhoude met kols. Johan Blaauw, Jan Breytenbach en Piet Nel.

Uit die hoek van die Suid-Afrikaanse Lugmag het die aanval op Cassinga op 4 Mei 1978 op die volgende wyse verloop: vier Canberra-bomwerpers het soos beplan om 05:19 vanaf Waterkloof opgestyg en koers gekry na Rundu. Vandaar sou hulle direk op die teiken afpeil. Elk van die Canberras was gelaai met 300 Alpha- (of tros-) bomme. Wat die Buccaneers wat aan die aanval deelgeneem het betref, het een Buc met 72 x 68mm vuurpyle om 04:38 vanaf Waterkloof na Grootfontein vertrek met die doel om in die noue lugsteunrol by teiken Alpha (Cassinga) op te tree nadat herbunkering plaasgevind het. 'n Bietjie meer as 'n uur later, naamlik om 05:43 het vyf x Buccaneers met 'n totaal van 36 x 450 kg bomme vanaf Waterkloof na teiken Alpha vertrek.

Die beplanners van die aanval op Cassinga het so ver gegaan as om op die laaste nippertjie te besluit om ook Suid-Afrikaanse vegvliegtuie by die aanval in te sluit. Daar is 'n baie interessante storie aan hierdie besluit verbonde. Nadat die hele operasie reeds kant en klaar beplan was, was dit duidelik dat geen vegters hierby ingesluit was nie. Die destydse hoof van die Suid-Afrikaanse Lugmag, genl. Bob Rodgers, het egter heel teen die einde van die beplanning daarop aangedring dat die vegters ingesluit moes word "net om seker te maak - soos om 'n polis uit te neem", was sy profetiese woorde, want op die dag van die aanval op Cassinga sou daar beslis staatgemaak word op die Mirages wat onder meer tot die redding van die troepe gekom het.[11] Dit mag met opset so gekies gewees het, maar die roepsein van die Mirage IIIC's wat deelgeneem het, was SANLAM 1-4. Die Mirages het reeds op 3 Mei vertrek, want om 14:30 het vier Mirage IIIC-vliegtuie, elk met 2 x Sidewinder missiele en 2 x 30 mm kanonne hulle tuisbasis verlaat en via Grootfontein na Ondangwa gevlieg. Die rede hiervoor was om so na as moontlik aan die grens te wees indien daar van hulle hulp gebruik gemaak moes word.

Die volgende tipe vliegtuig van die lugmag wat betrokke was by die aanval, was 'n Bosbok wat as "Telstar" gebruik is. Vir die duur van die aanval het die "Telstar" op 'n hoë hoogte oor die aanvalsgebied gesirkel, met 'n senior leëroffisier aan boord. Dit wil voorkom asof the radiokommunikasie nie altyd na wense was nie, maar die feit bly staan dat die "Telstar" waardevolle inligting kon deurgee wat ongetwyfeld bygedra het tot die uitvoering van die operasie.

Die Pumas en Super Frelons was die laaste tipe vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag wat in die aanval op Cassinga betrokke was. Soos die res van die lugmagbemannings was die "chopper"-manne die oggend van 4 Mei 1978 ook vroeg uit die vere, want om 05:45 het twee Pumas onder die bevel van John Church vanaf Omauni na 'n posisie so ongeveer 22 km oos/suidoos van Cassinga vertrek.

---

[11] Persoonlike versameling. Onderhoude met genls. Bob Rodgers en Ollie Holmes.

Die opdrag aan Church was om die gebied wat as die HAG (Helikopter Administratiewe Gebied) bekend sou staan, te gaan stig. Dit het beteken dat dit 'n area was waar die hoof helikoptermag na aan die doelwit beveilig kon word en vanwaar hulle dan kon invlieg om die valskermtroepe uit Cassinga te lig. Die Helikopter Administratiewe Gebied het die interessante roepsein van Whiskey 3 gehad. 'n Tweede opdrag aan Church en sy bemannings was om 'n draagbare TACAN-baken op te rig wat die lugmag se aanvalsmag as navigasiehulpmiddel kon gebruik vir die finale aanloop tot die aanval op Cassinga. John Church onthou nog goed dat die keuse vir 'n LZ (landing zone - landingstrook) eintlik baie goed was, want behalwe vir lang gras en stompe kon die hele helikoptermag veilig daar land - daarby was die omgewing heeltemal verlate en was daar geen spoor van enige menslike teenwoordigheid nie.[12]

Die res van die helikoptermag wat uit Super Frelons en Pumas bestaan het, is deur Johan Ströh na die Helikopter Administratiewe Gebied gelei. Aan boord was 'n beskermingselement, dromme ekstra brandstof en ses mediese personeellede.

Bogenoemde dan wat die vooraf reëlings betref in so verre dit die optrede van die lugmag aangaan tydens die aanval op Cassinga. Wat die lugmag betref, was alles nou in gereedheid en kon die hele aanval op Cassinga 'n aanvang neem.

Vroeg die oggend van 4 Mei 1978 vertrek vier C130- en vier C160-vliegtuie vanaf Grootfontein met hulle vrag van valskermsoldate om die aanval op Cassinga uit te voer. Twee C160-vliegtuie met 128 valskermsoldate aan boord breek van die res van die aanvalsmag weg. Een van die Transalls gaan direk na Ondangwa en herbunker om weer op te styg en in die lug suid van die kaplyn op bystand te wees ingeval verdere troepe by teiken Alpha benodig sou word, asook om in die geval van nood ammunisie-aanvulling te doen. Die ander C160 het by Omauni weggebreek van die formasie af en het ook by Ondangwa geland om te herbunker. Teen 09:30 moes die tweede C160 die eerste een wat suid van die kaplyn geopereer het, gaan aflos.[13]

Wat die valskermmag betref, is die 370 manne wat aan die geveg sou deelneem dus met vier C130- en twee C160-vragvliegtuie oor Omauni na die houpunt op die Cubango-rivier geneem. Die doel hiervan was om die finale aanloop tussen die verskillende vliegtuie van die aanvalsmag te koördineer. Dit is dalk interessant om daarop te let dat die Canberras wat die aanval moes begin, versoek het dat daar 'n vertraging van twee minute moes wees, omdat kopwinde hulle verhoed het om

12 Persoonlike versameling. Onderhoude met genls. John Church en Johan Ströh.
13 Persoonlike versameling. Onderhoude met kols. Tinkie Jones, Harry Gilliland, John Summerville en Jimmy Groenewald.

presies om 08:00 met hulle aanval te begin. Hierdie versoek was suksesvol want die hele aanval kon met slegs twee minute aangeskuif word.

Om 08:02 op die oggend van 4 Mei 1978 het die aanval op teiken Alpha of Cassinga begin. Die Canberras wat die aanval van noord na suid gelei het, het hulle 300 Alpha-bomme op die teiken neergelaat. Volgens hulle eie evaluering het nie al die bomme ontplof nie, maar is die teiken deeglik gedek. Die Canberras het onmiddellik die gevegstoneel verlaat en na Grootfontein teruggekeer om te herbunker en herbewapen.

Direk na die Canberras het die Buccaneers met hulle aanval, ook van noord na suid, gekom. Drie van die Buccaneers het met 28 x 450 kg bomme hulle aanval op Cassinga begin. Een van die ander Buccaneers het sy aanval op 'n kompleks ten noordweste van Cassinga geloods. Die rook en stof van die Alphabomme wat die Canberras afgegooi het, het probleme vir die Buccaneers veroorsaak. Tog was hulle van mening dat die teiken redelik goed gedek was, hoewel die noordwestelike kompleks nie getref is nie. Na die aanvanklike aanvalle het die Buccaneers onttrek om in staat te wees om noue lugsteun te verseker indien dit benodig sou word.

Die laaste aanvalle is onmiddellik na die Buccaneers deur twee Mirage IIIC-vliegtuie gedoen. In hierdie stadium het daar slegs twee minute van die aanval verloop en het die tyd op 08:04 gestaan. Ollie Holmes wat die aanvoerder van die Mirages was, kan nog goed onthou dat hy so van skuins agter die voorste C130 moes duik om by die teiken uit te kom. Omdat die nr. 2-Mirage die teiken nie met sy eerste duikslag kon opspoor nie, het hy 'n tweede aanval op die voertuigpark uitgevoer. Soos in die geval van beide die Canberras en die Buccaneers het ook die twee Mirages onttrek om op bystand te wees.[14]

Binne oomblikke nadat die bomwerpers en die vegters van die gevegstoneel onttrek het, het die transportvliegtuie met die neerlaat van die 370 valskermtroepe begin. Vier van die vliegtuie het die hoofaanvalsmag van noord na suid aan die westekant van Cassinga afgegooi, terwyl die oorblywende twee vliegtuie aanvals- en stoppergroepe eers suid en toe noord van die basis afgegooi het. Die neerlating van die valskermtroepe het volgens plan verloop, behalwe dat die vliegtuie aan die westekant as gevolg van 'n hele aantal redes nie 'n seinmerker kon waarneem nie. Die gevolg hiervan was dat die valskermtroepe ongeveer drie sekondes te laat neergelaat is.

[14] Persoonlike versameling. Onderhoude met genl. Ollie Holmes.

Harry Gilliland wat die bevelvoerder van die transportvliegtuie was, kan hom die spesifieke dag nog helder voor die gees roep. Hy vertel dat met die eindnadering vir die aflaai van die troepe alle hel behoorlik los was. Van die ergste bombardement wat die transportmanne tot op daardie dag ervaar het, het losgebars. Daarmee saam moet ook verstaan word dat as gevolg van die vliegtuie se lae hoogte die sig as gevolg van rook en stof wat deur die Alpha- en ander bomme van die bomwerpers en Mirages veroorsaak is, baie swak was.[15]

Die valskerms oldate het onder meer as gevolg van die effe laat neerlating nie presies geval en dus ontplooi soos die aanvanklike beplanning was nie. Heelwat van hulle het in die rivier en aan die westekant - dus die verkeerde kant - van die rivier geval. Voordat die aanval kon begin, moes die valskermmanne hergroepeer en moes die bevelvoerder van die aanvalsmag, kol. Jan Breytenbach, ook sy aanvalsas verander.[16]

Die vraag is dikwels in die verlede gevra hoekom die valskermmag by Cassinga dan nie deur die lugmag op die regte plek afgelaai is nie. Soos reeds gemeld, is die transportmanne die eerste om te erken dat die neerlating van die valskermsoldate 'n paar sekondes laat was, maar daar is verskeie redes wat aangevoer kan word waarom die soldate nie geval het waar so sorgvuldig beplan is nie. Een van die probleme wat ondervind is, is die feit dat die afgooisone aan die westekant van die teiken baie nouer was as wat die voorligting aan die bemannings was. Tydens die voorligting is die wydte van die afgooisone as 800 meter aangegee, terwyl dit in werklikheid heelwat minder as 500 meter was. Daar is 'n minimum van 700 meter nodig vir vier groot transportvliegtuie in 'n V-formasie om troepe af te gooi. Die gevolg van hierdie oorsig was dat die troepe van die westelikste vliegtuig in elk geval wes van die Cubango-rivier sou val en dus met groot moeite weer by die aanvalsmag kon aansluit.[17]

Tydens dieselfde voorligting het die leër ook te kenne gegee dat valskermtroepe binne 'n afstand van 800 meter in 'n string die vliegtuig sou verlaat. Hierdie proses is ook by herhaling ingeoefen tydens die spronge wat by De Brug gedoen is. Tydens die inoefening kon die afsenders daarin slaag om al die valskermtroepe binne die neergelegde afstand uit die vliegtuig te kry. Tydens die aanval op Cassinga was dit egter 'n perd van 'n ander kleur en kon die afsenders gewoon nie daarin slaag om die valskermtroepe so vinnig uit die vliegtuie te kry dat hulle op die beplande gebiede kon val nie. Hierdie stadige proses, sowel as die kromming

15 Persoonlike versameling. Onderhoud met brig. Harry Gilliland.
16 Persoonlike versameling. Onderhoud met kol. Jan Breytenbach.
17 Persoonlike versameling, Onderhoud met verskeie C-130- en C-160-vlieëniers, o.a. Gilliland, Jones, ens.

van die Cubangorivier na die ooste het verder daartoe bygedra dat heelwat valskermtroepe in en aan die westekant van die rivier geval het.

Uit die bogenoemde verklarings is dit dus duidelik dat die feit dat van die valskermtroepe verkeerd geland het, aan 'n sameloop van omstandighede toegeskryf kan word. Nadat die troepe die transportvliegtuie verlaat het, het die vliegtuie na die Grootfonteinbasis in noordelike Namibië teruggekeer en op die uitslag van die aanval gewag.

Op die grond by Cassinga het dit langer as 'n uur geneem voordat die troepe uiteindelik hergegroepeer was en die hoofmag met sy aanval kon begin. In die tussentyd het die noordelike deel van die aanvalsmag baie sterk teenstand van die vyand gekry en kon die peloton met baie groot moeite sy aanval na die suide rig. Met die toetrede van die hoofaanvalsmag het volskaalse gevegte op die grond uitgebreek en het die valskermtroepe met groot moeite van doelwit na doelwit beweeg. Twee van die belangrikste redes waarom die vyand so heldhaftig weerstand kon bied, was eerstens geleë in die feit dat die PLAN-vegters onder meer van 14,5 mm- en 23 mm-lugafweergeskut in die grondrol gebruik gemaak het. In hierdie rol was die wapens dodelik en het dit veroorsaak dat die teiken Alpha (Cassinga) nie naastenby so vinnig verower kon word as wat aanvanklik beplan is nie. Die tweede argument wat aangevoer word, is die feit dat die PLAN-vegters buitengewoon dapper en heldhaftig in hulle optrede was. Daar is verskeie voorbeelde bekend waar gesneuwelde PLAN-vegters eenvoudig deur hulle kamerade van die lugafweerstellings afgestoot is, om die geveg met hernieude ywer aan te pak.[18]

Na 'n paar uur se gevegte het die valskermsoldate grootliks die oorhand gekry en kon daar alreeds met die opruiming van die teiken begin word. Dit is in hierdie stadium (12:10) dat die leër vanaf die teiken Alpha versoek het dat vyf Pumas vanaf die Helikopter Administratiewe Gebied (Whiskey 3) moes kom om van die valskermtroepe uit te vlieg. Dit is gevolg deur 'n verdere ses Pumas wat moes help om meer as 200 troepe vanaf Cassinga na die Helikopter Administratiewe Gebied oor te plaas. Een ding is baie seker - die oplaaiproses het beslis nie so maklik verloop as wat vooraf beplan is nie. Na die gevegte by Cassinga was die SA troepe moeg en lekker deurmekaar. Daarby was dit by hulle ingedril om net op 'n spesifieke helikopter te klim. Toe al die helikopters nie gelyk op die

18 Persoonlike versameling. Onderhoud met kol. Johan Blaauw. Vergelyk ook skripsie: FW Mostert, **'n Kritiese evaluering van operasie Reindeer: die militêre optrede van die SAW by Cassinga in Angola**, Mei 1978 (UOVS, 1993).

voorafbepaalde plekke land nie, het die troepe teen alle militêre reëls in eenvoudig in die eerste en beste helikopter geklim om uit die gevegsone ontruim te word.[19]

Saam met die eerste troepe wat deur middel van die helikopters ontruim is, is ook nege gewondes na die Helikopter Administratiewe Gebied (Whiskey 3) geneem. Hier het die hele helikoptermag nou op die opdrag gewag om die oorblywende valskermtroepe vanaf Cassinga te ontruim.

Nie lank nadat die eerste 10 helikopters van die troepe ontruim het nie, het daar skielik en totaal onverwags 'n bedreiging uit die suide gekom wat so byna veroorsaak het dat die aanval op Cassinga in 'n totale mislukking ontaard het. Net na 13:00 die middag is Kubaanse en MPLA-pantserkarre en tenks opgemerk wat vanaf Thechamutete in die suide na Cassinga op pad was. Die anti-tenk peloton wat spesiaal as stoppergroep in die suide geplaas is, kon die oprukkende kolonne nie stuit nie en die hulp van die Mirages en die Buccaneers is inderhaas ingeroep. Vir die leser sal dit nou duidelik begin word waarom die roepsein van "Sanlam" vir die Mirages op die ou einde soveel betekenis vir die valskermtroepe op die grond by Cassinga ingehou het.

Die eerste twee Mirage IIIC-vliegtuie het teen 13:44 by Cassinga aangekom en drie aanvalle op die oprukkende pantsermag uitgevoer. Tydens die aanvalle is verskeie van die pantserkarre van die vyand uitgeskiet en is daar ook heelwat van die bemannings van hierdie voertuie gedood. Hierdie aanvalle van die Mirages is deur twee verdere uitvlugte gevolg waartydens daar nog van die pantservoertuie van die vyand uitgeskakel is. Die Mirages is spoedig deur Buccaneers gevolg wat ook noue lugsteun verskaf het deur lug tot grond aanvalle op die oprukkende pantsermag te doen. Hoewel die pantserkolon tydelik tot stilstand gebring is, kon die Mirages en Buccaneers nie daarin slaag om hulle totaal uit te wis of te neutraliseer nie. Dit het eenvoudig beteken dat die oprukkende magte van die Kubane en die MPLA 'n wesentlike bedreiging vir die oorblywende valskermmag op die grond ingehou het.[20]

Dit is in hierdie stadium dat een van die vele heroïese dade van die "grensoorlog" hom afgespeel het. Majoor Louwrens Andries (Dries) Marais was 'n vlieënier van een van die Buccaneers wat dié dag aanvalle op Cassinga uitgevoer het. Terwyl hy met 'n ander sending besig was, het hy van die krisis gehoor wat besig was om die lewens van die oorblywende valskermsoldate te bedreig. Vanaf die operasionele sentrum het hy toestemming ontvang om van sy sending af te wyk en om aanvalle

---

[19] Persoonlike versameling. Onderhoud met genls. John Church en HAP Potgieter en kols. Johan Ströh en Polla Kruger.

[20] Persoonlike versameling. Onderhoude met Mirage-vlieëniers, o.a. genl. Ollie Holmes.

op die oprukkende pantsermag van die vyand uit te voer. Nadat hy met dodelike effektiwiteit van die vyand se tenks uitgeskiet en personeel gedood het, het hy geen ammunisie meer oor gehad nie. Dit is in hierdie stadium van die geveg dat daar van die vyandelike tenks so naby aan die Suid-Afrikaners gekom het dat dit 'n daadwerklike bedreiging vir die valskermtroepe ingehou het. Marais wat nog houtyd oor die gevegsgebied gehad het, het met skynduikaanvalle daarin geslaag om die tenks so te vertraag dat die troepe na die noordelike gebied van Cassinga kon beweeg om deur die helikopters ontruim te word. Hierdie daad van Marais om letterlik op boomtophoogte op die vyand af te duik, het verseker dat die **Honoris Crux**-medalje aan hom toegeken is. Die navigator, lt. Ernest (Ernie) William Simon Harvey het die MMM ontvang.[21]

Terwyl hierdie geveg in die kleine aan die suidekant van Cassinga aan die gang was, het dit vir die bevelvoerende offisier spoedig duidelik geword dat sy mag so gou as moontlik uit die gebied onttrek moes word. Daarom is die hele helikoptermag op Whiskey 3 opdrag gegee om so gou as moontlik na Alpha te vlieg en die oorblywende troepe te ontruim. By Cassinga self was hierdie onttrekking van die valskermtroepe een van die mees ongeorganiseerdes wat in die hele verloop van die "grensoorlog" plaasgevind het. Nie alleen moes die LZ (laaiplekke) na die noorde van die basis verskuif word nie, maar die oprukkende pantsermag het so 'n gevaar ingehou dat geen tyd verspil kon word nie.

Onder hierdie omstandighede is dit miskien te verstane waarom die troepe eenvoudig na die naaste helikopter gehardloop en bloot ingeklim het. Ten spyte van die beste pogings van die boordtegnici om net die regte aantal troepe in te laai, het niemand hulle meer hieraan gesteur nie en mekaar eenvoudig verdring om net opgelaai te word. 'n Episode in so effens van 'n ligter luim het hom onder hierdie moeilike omstandighede afgespeel. By een van die Super Frelons het die troepe agter so vinnig ingehardloop dat daar nie 'n kans was om aan hulle te verduidelik dat die vliegtuig totaal oorlaai was en beslis nie sou kon opstyg nie. Al raad waaraan die boordtegnikus kon dink, was om die voorste deur oop te maak en die voorste troepe een vir een onder die sitvlak uit te boender.[22]

Dat die gevaar vir die troepe en helikopters in hierdie stadium regtig wesentlik was, kan nie oorbeklemtoon word nie. Ten spyte van die vegters en bomwerpers se pogings het die pantsermag daarin geslaag om tot binne skietafstand van die laaisone te vorder en het weliswaar op die helikopters begin skiet. Onder hierdie moeilike omstandighede het die helikopters so vinnig as wat dit enigsins moontlik

21 Persoonlikie versameling. Onderhoude met Mirage-vlieëniers genls. Ian Gleeson en Blackie de Swardt.
22 Persoonlike versameling. Onderhoude met sers.-majs. Boertjie Bekker en Bachus Breytenbach.

was die troepe net eenvoudig ingeboender en probeer om in die lug te kom. Die gevolg van hierdie deurmekaarspul was dat daar geen ordening in die inlaaiproses was nie. Van die helikopters was totaal oorlaai; een van die Super Frelons het byvoorbeeld die boonste helfte van 'n boom saamgeneem in sy poging om in die oorlaaide toestand in die lug te kom - terwyl daar van die ander helikopters was wat byna geen troepe in gehad het nie.

Die verhaal word ook vertel van 'n spesifieke helikopter, sy bemanning en insittendes wat 'n besondere noue ontkoming gehad het. Met die opstygslag het die helikopter na 'n meter of drie weens die gewig aan boord weer hoogte verloor. Op hierdie oomblik het die vyandelike tenk 'n rondte afgevuur wat net oor die helikopter verbygetrek het. As hy dus in die lug was sou dit verseker verdere ongevalle vir die Suid-Afrikaanse mag beteken het.

Met groot moeite kon al die helikopters egter van die basis onttrek om die vrag valskermsoldate na Eenhana suid van die kaplyn te neem. Toe hulle enkele minute van die teiken af was, het die versoek oor die radio gekom of daar nie een van die helikoptervlieëniers was wat bereid was om terug te draai en net seker te maak dat daar nie dalk van die valskermtroepe op Cassinga agtergebly het nie. Weens die oorhaastige en byna chaotiese ontruiming wat veroorsaak het dat die troepe nie getel kon word nie, het die wesenlike gevaar bestaan dat van die valskermtroepe op Cassinga kon agterbly. John Church en "Hójan" Cronje was die twee gesagvoerders wat dadelik gehoor gegee het aan hierdie oproep en na Cassinga teruggedraai het. Te midde van vuur vanaf die vyand op die grond het Church 'n hele paar keer oor die teiken gevlieg om seker te maak dat daar nie dalk nog 'n verdwaalde valskermtroep agtergebly het nie. Vir hierdie daad om onder die moeilikste omstandighede en die hewige vuur van die vyand seker te maak dat die volle aanvalsmag ontruim het, het maj John Church die **Honoris Crux**-medalje ontvang.[23]

Die onttrekking van die helikopters met die tweede groep valskermsoldate na Eenhana het nie die einde van operasie Savannah vir die helikopterbemannings beteken nie. Nadat die troepe veilig op Eenhana afgelaai is, is die helikoptervloot herbunker en het dit na die Helikopter Administratiewe Gebied (Whiskey 3) vertrek om die oorblywende valskermtroepe daar te gaan haal. Dit was al stikdonker toe die hele helikoptermag met die oorblywende valskermtroepe, die beskermers en personeel vanaf die Helikopter Administratiewe Gebied na Ondangwa vertrek het.

[23] Persoonlike versameling. Onderhoude met genl. John Church en kol. Hojan Cronje. Vergelyk ook: Ian Uys, **Cross of Honour** (Germiston, 1992), pp. 55-6.

Die gesoute helikoptervlieëniers is dit eens dat hierdie uitvlug in al die jare van hulle vliegervaring tydens die Namibiese "grensoorlog" van die vreesaanjaendste was. Vir die eerste keer het 18 swaargelaaide groot helikopters sonder enige ligte in 'n baie noue formasie tydens 'n stikdonker nag honderde kilometers na hulle bestemming gevlieg. As daar verder in ag geneem word dat so 'n formasie nog nooit voorheen in die nag onderneem is nie, en dat Pumas en Super Frelons nog nooit in so 'n tipe formasie in die nag saamgevlieg het nie, kan verstaan word dat die adrenalien tydens hierdie vlug maar hoog geloop het.

Toe die leier, John Church, in 'n stadium die bevel gee dat die parkeerligte vir oomblikke aangeskakel word sodat elke vlieënier net sy posisie kon bepaal, was daar menige hart wat byna gaan staan het. Van die helikopters het so naby aan mekaar gevlieg dat die rotorlemme oor mekaar was. Die rede waarom daar sonder enige ligte gevlieg is, lê uit die aard van die saak in die gegewe dat die mag oor vyandelike gebied geopereer het, asook die feit dat een van die troepe beweer het dat hy 'n "tracer" sou sien trek het. Daar is later bepaal dat daar nie op die helikopters gevuur is nie, maar dat een van die troepe 'n sigaretstompie by die venster uitgegooi het. Die beste wyse om te verduidelik watter spanning daar werklik tydens hierdie vlug teenwoordig was, lê in die feit dat "Crow" Stannard vanaf die opstyg by Whiskey 3 tot so 'n halfuur voor Ondangwa 'n pakkie Belmont-sigarette klaar gerook het.[24]

Wat die ongevalle van die aanval op Cassinga betref, kan die volgende volledigheidshalwe meegedeel word. Aan die kant van SWAPO het daar ongeveer 600 inwoners van Cassinga omgekom, terwyl 'n ongekende getal gewond is. Wat die pantsermag van die Kubane en MPLA betref, is daar 18 manskappe gedood, terwyl 63 gewond is. Daarmee saam is 'n onbekende getal pantservoertuie uitgeskiet en het dit uitgebrand. Aan die kant van die aanvaller (die Suid-Afrikaanse Weermag) is drie valskermsoldate gedood, terwyl een vermis is - hy het vermoedelik in die Cubango-rivier verdrink. Elf valskermsoldate is gewond.[25]

Wat die Suid-Afrikaanse Lugmag betref, is die volgende skade opgedoen: Buccaneer 412 het twee koeëlgate gekry, naamlik in die neus van die "radome" en in die uitlaatpyp. Buccaneer 416 is op 'n paar plekke deur opslagvoorwerpe getref, terwyl dit ook koeëlgate in die klap en rolroer gehad het. Hierdie geringe skade het geen invloed op die optrede van die vliegtuie gehad nie en hulle het, soos die res van die lugmag se vliegtuie wat in die aanval betrokke was, veilig op hulle basisse geland.

---

24 Persoonlike versameling. Onderhoud met genl. "Crow" Stannard.
25 W Steenkamp, **Borderstrike** (Pretoria, 1983), pp. 68-70.

Ten einde die prentjie so volledig as moontlik te kry, is dit van belang om daarop te wys dat enkele uitvlugte deur die Mirages en veral Buccaneers na teiken Bravo onderneem is. Dit was aanvalle deur die Suid-Afrikaanse Lugmag se vliegtuie om die pantserkolonne van die Suid-Afrikaanse Weermag onder bevel van maj. Frank Bestbier by te staan.

Die vraag sou nou met reg gevra kon word hoe relevant die optrede van die Suid-Afrikaanse Lugmag tydens Operasie Reindeer en dan meer spesifiek die aanval op Cassinga was, gesien teen die agtergrond van die lugmag se bydrae tot die voer van die "grensoorlog". Wat die lugmag betref, was die aanvalle wat hulle vliegtuie op Cassinga geloods het die eerste waarin daar met alle mag tot die stryd in Namibië toegetree is. Vir die eerste keer sedert die vyandelikhede in 1966 by Ongulumbashe begin het, het die lugmag met alles tot sy beskikking die vyand geslaan. Dit het beteken dat die teiken met bomwerpers sowel as vegters aangeval is en dat hierdie vliegtuie deurentyd op 'n gereedheidsgrondslag gehou is om in 'n geval van nood hulp te verleen. Die blote feit dat die Suid-Afrikaanse Weermag (lees Suid-Afrikaanse Lugmag) met sy vegters tot die stryd toegetree het, het 'n nuwe dimensie aan die vyandelikhede verleen. Enige militêre strateeg sou sonder vrees vir teenspraak met reg kon voorspel dat die vyand (SWAPO/MPLA/Kubane) hierdie nuwe bedreiging met 'n reeks aksies die hoof sou bied. Uit die uitslag van die inval op Cassinga was dit duidelik dat die konvensionele lugafweerkanonne nie in staat was om die bedreiging van die vegters van die Suid-Afrikaanse Lugmag af te slaan nie. Die verkryging en aanwending van grond-tot-lugmissielstelsels deur die vyand sou voortaan deeglik deur die Suid-Afrikaanse Lugmag in hulle beplanning verreken moes word.

Die feit dat die bomwerpers, vegters, 'n "Telstar", agt groot transportvliegtuie, asook 'n hele vloot van helikopters in hierdie aanval gebruik is, beklemtoon juis die feit dat die Suid-Afrikaanse Lugmag se vermoë tot optrede in hierdie stadium van die "grensoorlog" tot sy uiterste gerek is. 'n Voorbeeld hiervan is die feit dat die hele valskermmag van 370 man byvoorbeeld nie met die beskikbare hoeveelheid helikopters op een slag vanaf Cassinga ontruim kon word nie.

'n Volgende faset waaraan aandag gegee moet word, is die feit dat die Suid-Afrikaanse Lugmag met hierdie optrede by Cassinga bewys het dat hy tegelykertyd in 'n verskeidenheid rolle aangewend kan word. Die feit dat vier verskillende tipes vliegtuie van die lugmag op dieselfde tyd in dieselfde operasie aangewend is, is 'n sprekende voorbeeld hiervan.

Die feit dat die Mirages op die laaste oomblik in die aanval ingesluit is, het sonder twyfel veroorsaak dat die pantsermag van die vyand, wat in 'n stadium werklik 'n bedreiging was, so lank teruggehou kon word dat die valskermtroepe ontruim kon word. Die Buccaneers sou hierdie tipe bedreiging nie kon afslaan nie en daarom was die teenwoordigheid en optrede van die Mirages van lewensbelang vir die Suid-Afrikaanse valskermmag.

Die laaste opmerking beklemtoon spesifiek die Suid-Afrikaanse Lugmag se optrede tydens die aanval op Cassinga en het te doen met die onverskrokke optrede van twee van sy lede, naamlik Dries Marais en John Church. In die geheel gesien kon die lugmag trots wees op die optrede van die vlieëniers en hulle bemannings, maar kon so 'n spesiale tik gee op die skouer van die twee lede wat tydens hierdie operasie die **Honoris Crux**-medalje verwerf het.

Operasie Reindeer en meer spesifiek die aanval op Cassinga het 'n totaal nuwe fase in die "grensoorlog" ingelei. Hierna sou oorgrensoperasies teen SWAPO-stellings aan die orde van die dag wees. Vanweë 'n reeks redes sou dit ook nie meer lank neem voordat die Kubane en die MPLA (met FAPLA as die militêre vleuel) ook volskaals in militêre optredes teen die Suid-Afrikaanse Weermag betrokke raak nie. In 'n sekere sin was die aanslag op Cassinga dus die waterskeiding van die militêre optrede van die Suid-Afrikaanse Weermag teen PLAN, want hierna het die "grensoorlog" in intensiteit toegeneem totdat dit uiteindelik met die beëindiging daarvan teen die einde van die volgende dekade groot potensiaal gehad het om in 'n werklik volskaalse konvensionele stryd te ontaard.

Daar is seker niemand wat beter bevoeg is om die optrede van die Suid-Afrikaanse Lugmag tydens Operasie Reindeer in perspektief te stel as genl. Jan van Loggerenberg, 'n latere hoof van die lugmag nie. Tydens 'n simposium oor die "Grensoorlog" wat in 1993 in Bloemfontein gehou is, het hy hom as volg uitgelaat:

> "Uit 'n lugoogpunt kan die drie-en-twintig jaar van die oorlog in twee dekades verdeel word. In die eerste dekade, 1966-1976, het die oorlog feitlik uitsluitlik 'n teeninsurgensiekarakter gehad. Die operasies wat in die tyd uitgevoer is, het die eerste prioriteit van die lugmag, naamlik om ter ondersteuning van grondoperasies op te tree, bevestig en verstewig. Daardie dekade is afgesluit met Operasie Reindeer, wat die hoogtepunt van lugondersteuning van die grondoperasies sou word. In dié dekade is 'n geslag van weermagslede op die slagveld gevorm vir wie die somtotaal van ons lugvermoë die baie direkte ondersteuning van grondoperasies was."

Reindeer het egter ook in 'n sekere sin die skeiding tussen die suiwer teeninsurgensie operasie en die semi-konvensionele operasies ingelui. Dit was die eerste volskaalse operasie waaraan ons eerstelynvegters deelgeneem het. Agterna gesien wil dit lyk asof ons nie die volle betekenis van daardie toetrede gesnap het nie, waarskynlik juis omdat die beginsel van lugoormag nog nie 'n formele plek in die weermag se doktrines gehad het nie. Dié operasie was slegs moontlik omdat ons opponente nie 'n wesenlike lugbedreiging vir ons ingehou het nie, en ons in werklikheid by verstek toe nog 'n lugoormag oor Angola geniet het.

Operasie Reindeer het egter vir die Angolese 'n les ingehou en hulle en hulle Russiese meesters het 'n nuwe koers ingeslaan. In die tweede dekade het hulle stappe geneem om die magsbalans in die teater te verander. Die basis waarop die verandering gebou is, was die siening dat lugoormag, en as dit nie moontlik was nie, dan ten minste 'n gunstige lugsituasie in terme van tyd en plek, die primêre voorwaarde vir suksesvolle konvensionele of semi-konvensionele operasies is. Hulle het gevolglik in 'n toenemende mate vegvliegtuie na Angola begin stuur", aldus genl. van Loggerenberg.[26]

Uit bogaande is dit duidelik dat die valskermaanval deur die SAW op Cassinga slegs suksesvol was vanweë die optrede van die SALM. Dit is so ironies dat die SALM in daardie stadium van die vyandelikhede met letterlik elke beskikbare transporthelikopter tot die redding van die valskermsoldate moes kom - daar was geen reserwes meer oor nie. Soos reeds vermeld, was daar so min helikopters beskikbaar dat die gevegsmag d m.v. twee verskillende operasies uit die vyandelike gebied onttrek moes word.

Die insluiting van Mirage-vegters as 'n byna terloopse stukkie versekering, het in 'n bepalende mate die skaal in SA se guns geswaai.

Cassinga, en die militêre suksesse wat daar behaal is, sou sonder die aktiewe steun en hulp van die SALM nie kon plaasvind nie.

---

[26] Genl. Jan van Loggerenberg, openbare optrede by die simposium: **Die SA Grensoorlog in perspektief** (Bloemfontein, 1993), pp. 12-3.